HALLO HOOGLAND

21 April 2024

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Ds Pieter wil graag enige nuwe lidmate of besoekers ontmoet - so kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou!

Nuwe Lidmate, wat nou by Hoogland inskakel,
kontak gerus vir Annalize in die kerkkantoor (041 367 1485) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.

IRONMAN® South Africa
nelson mandela bay

Baie sterkte aan elkeen wat hierdie naweek deelneem aan Ironman 2024. *"Every Ironman needs an Ironfan,"* so weet Hoogland staan agter julle!

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: CMR

Algemeen

Program vir die week:

Maandag: 22 April
09:00 Padberaad (personeel woon by)
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Woensdag: 24 April
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 26 April
05:15 Mannebediening

Dankoffers

Daardeur gaan geloof deur liefde tot dade oor.

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie:
Gebedsversoeke kan vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325.

Koor, Kos & Kuierfees 2024

Basaar Blits Nuus !!! Net 2 weke om te gaan ...

Baie dankie vir elkeen wat ietsie gebring of bygedra het vir die Kasteel bou kompetisie! Dit was vet pret en die kinders het gehelp om feitlik alles in te samel vir die Basaar! DANKIE Hoogland - elke bydrae wat steeds instroom word opreg waardeer!

KK&K 2024 stalletjies is kontantloos...

Hierdie jaar gaan Hoogland van 'n KAARTJIE STELSEL gebruik maak by die fees. Daarmee word die stalletjies kontantloos gehou ter wille van veiligheid!
Kom koop 'n kaartjie-blaadjie ten waarde van R20, R50, R100 of R200, en gebruik dit om vir alles te betaal! Kaartjie verkope geskied in die saal vanaf 15:30.

- **Veiling** - die veilingspan is opsoek na mooi, meer duursame items om op te veil, ook bv. heel lammers, golfstokke, "*airfryer*", gemaklike kampstoele, verwarmer of enige iets.
- **Hande** - word nog benodig by:
  * die worsrolletjie & sosatie stalletjie, tuisgebak tafel, kindervermaak tent en lekkergoedtafel
  * ÓÓK by die Koorfees Dinsdag, 30 April vanaf 16:00
- **Bemarking** - "*Watch this space*" EN WEN!! Sosiale media is deesdae kragtig so asseblief deel ("*share*") alle pamflette en KK&K nuus ook op jou eie sosiale media en *WhatsApp* status en nooi vriende, familie en jou bure saam Vrydag, 3 Mei.
- **Bestanddele** - BAIE Dankie vir alles - die KK&K span benodig nog net:
  * 10 blikke karamel
  * 30 x 5 liter gebottelde water
  * HOUT vir al die braaivleis-kuiervure!
- **Plaasstal** - is opsoek na ingelegte plaasprodukte bv. olywe/konfyt/ gebottelde slaaie ook gevriesde etes en oulike handwerk items asseblief.
- **Kindervermaak** wil Hoogland se kinders lekker bederf, maar vra graag donasies vir pryse bv. "bubbles"/ pakke "stickers"/ "slime" / haar knippies / klein beursies / pakke los lekkers / ens.
- **Lekkergoedtafel** - benodig lekkers soos *marshmellow*, *jellytots*, *wine gums*, *gummy bears*, *jelly beans*, astros, smarties ens. As jy kreatief is en lekkergoed mooi kan verpak, soetgoed soos bv. windmeultjies / toffie appels / motortjies of enige so iets kan maak, kom meld asseblief aan.
- **Tombola tafel** - vra asseblief vir enige skoon, heel, gebruikte items. Heel speelgoed / boeke / huishoudelike items / dalk selfs 'n paar motorhuis items is welkom.
- **Tuisgebak tafel** - soek na enige tuisgebak: groot koeke, yskasterte, kolwyntjies, beskuit, klein koekies, ens
  * In die voorportaal is houers vir gebak - neem asseblief 1 houer saam oppad uit en bring dit met iets tuisgebak terug op Vrydag, 3 Mei
  * Laat weet asseblief net vir Elmarie Bonthuys 083 423 0162 wat jy sal bak
- Basaarspan is opsoek na **Gazebo's** om te leen asseblief.

Enige navrae oor gazebo's, skenkings, donasies van bestanddele of aanmeld van hulp gesels gerus met Leon of Annalize.

Uit die hart …

Meer as 100 jaar gelede het die Christen-filosoof: Søren Kierkegaard, die punt gemaak dat Jesus op soek was na volgelinge en nie bewonderaars nie. Jesus wil mense hê wat saam met Hom loop, Sy werk op aarde voortsit en in Sy naam, ander dien.

Kierkegaard skryf een van sy eie gelykenisse en vertel van 'n man wat besig was om in 'n straat af te loop toe hy in die venster 'n groot uithangteken met die woorde "Broeke word hier gestryk." daarin sien.

Hy was so opgewonde om die teken te sien, dat hy hom dadelik huis toe gehaas het om al sy ongestrykte wasgoed te kry. Hy het dit by die winkel ingedra en op die toonbank neergesit.

"Wat doen jy?" wou die winkeleienaar weet.

"Ek het my klere hierheen gebring om gestryk te word - net soos die teken in die venster voorstel." het die man opgewonde geantwoord.

"O, jy het verkeerd verstaan! Ons doen nie dit regtig hier nie. Ons besigheid maak net sulke tekens."

Hy het eintlik gesê dat hulle nie sulke dinge doen nie, hulle praat net daaroor. Kierkegaard skryf dat dit heel dikwels die probleem van die kerk is. Ons adverteer onsself as 'n plek wat Christus se liefde wys en Christus se werk doen, maar as mense opdaag, opsoek na ware liefde en ware Christelike optrede, dan kry hulle dit nie. "O, ons het nie hier mense lief nie, ons praat net hier van liefde vir ander mense."

Here, bewaar my van *lippediens*. Laat ons geloof deur liefde tot dade oorgaan. AMEN

Groete … ds Pieter